

Inhoud Hierdie preek wys wat is die geloofsinhoud van navolging en die volg van Christus asook wat die geloofsinhoud van “voorbeeld volg” is. Dit wys ook hoe die moderne Christelikheid hierdie geloofsinhoud verdraai deur die navolging en volg van Christus te verander na die volg van geestelike gidse en mentors.

Skriflesing Matteus 16: 24, 25; Romeine 2: 17 - 21; 1 Kor. 11:1

Teks Mat. 16: 24: “Toe het Jesus vir sy dissipels gesê: “As iemand My wil navolg, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en my volg.”

Tema Christus lei en leer ons met die evangelie

1. Ons gaan agter die Here aan en volg die Here. Mense kan nie ons geestelike gidse, leermeesters of onderwysers wees nie.

Die Woord van God maak 'n radikale onderskeid tussen om Jesus na te volg en te volg, aan die een kant, en om gelowiges se voorbeeld te volg aan die ander kant. Hierdie onderskeid is die onderskeid tussen die evangelie en die wet, tussen die Here se liefde vir ons en ons liefde vir Hom en tussen die inhoud van die Twaalf artikels en die Tien Gebooie.

Om Jesus na te volg, is om te glo in wat Hy vir ons met sy lyding, kruisiging, dood en opstanding bewerk en van deel gemaak het. Na volg in hierdie teks beteken om agter na aan te kom. Jesus stap voor en bewerk alles met sy dood en opstanding en ons stap agterna deur hom te vertrou vir wat Hy vir ons bewerk en in laat deel.

Navolg is om Christus te vertrou vir sy verlossingswerk!

Om Christus te volg is iets anders. Dit is die nuwe manier waarop Christus ons gehoorsaam aan God maak. Christus openbaar wat “volg” beteken in die gesprek tussen Hom en die ryk jong man in Mat. 18: 18 – 30.

Dit is om sommer na God se wet te luister! Sommer sonder enige rede! Sommer gehoorsaam wees want God is God en as God vir ons sê wat om te doen, dan doen ons dit sommer. Die ou manier waarop di wêreld na God luister is deur deur straf en beloning. Hulle luister omdat God dreig met straf vir oortredings en beloning beloof vir gehoorsaamheid. Wie in Christus glo, word nie gestraf vir sonde of beloon vir gehoorsaamheid nie. Hulle luister sommer net God!

Navolg is om Christus vir sy verlossingswerk te vertrou en vol is om God sommer te gehoorsaam.

2. Om die manier waarop gelowiges leef se voorbeeld te volg, is totaal iets anders as om Jesus na te volg te volg.

Paulus sê in 1 Korintiërs 4: 16: “Ek doen dus 'n ernstige beroep op julle: volg my voorbeeld.” Die Griekse woord vir voorbeeld volg vind ons nog in die woord “mimiek.” Dit is heeltemal 'n ander woord as die Griekse woorde vir “navolg” en volg.”

Paulus bedoel dat gelowiges soos hy moet optree. Hy bly God dien deur swaarkry heen, en hulle moet God ook bly dien, al kry hulle swaar.

Paulus gebruik ook hierdie woord in 2 Thessalonisense 3: 7: “Julle weet tog self hoe nodig dit is dat julle ons voorbeeld volg.” Die gemeentelede moet ook soos Paulus en sy medewerkers werk vir hulle geld en nie leeglê met godsdienstige verskonings om lui te wees nie. Hulle moet ordelik werk en verdien en nie onordelik niks doen en geld verwag nie.

Voorbeeld volg beteken altyd om die voorbeeld van gehoorsaamheid aan God se wet te na te doen.

Dit is ook die betekenis van die besondere teks 1 Kor. 11:1: “Volg my voorbeeld soos ek Christus se voorbeeld volg.” Hier gaan dit om nie net in jou eie belang maar om in die gemeenskap se belang op te tree. Hierdie teks beteken dat almal aan die wet van God gehoorsaam moet wees soos Christus ook aan god se wet gehoorsaam is.

Ons moet baie versigtig wees vir die wanvoorstelling van die geestelikes van vandag met hierdie teks optower. Hulle maak asof Paulus so naby verhouding met Jesus het dat hy Jesus se voorbeeld volg, maar dat die gemeente nie hierdie naby verhouding met Jesus het nie, en maar net Paulus se voorbeeld moet volg, nie self Jesus se voorbeeld nie. Só word Paulus die voorbeeld van Jesus en is Jesus nie meer self gelowiges se voorbeeld nie.

Die gevaar van hier wanvoorstelling is dat die wet van die Here nou kamstig só onduidelik vir gelowiges is dat jy 'n gids, 'n leermeester en onderwyser nodig het om vir jou die Tien Gebooie met jou lewe as voorbeeld moet duidelik maak. Dit beteken dan dat Paulus Jesus persoonlik ken, en Jesus leer vir Paulus sy moeilike wet sodat Paulus met sy voorbeeld die moeilike wet van God meer duidelik en prakties maak.

3. Hierdie wanopvatting verdraai alles wat God se Woord ons oor die duidelikheid en praktiese uitvoerbaarheid van God se wet leer, soos in Deuteronomium 30: 11 – 14: “Ja, hierdie gebod wat Ek jou vandag beveel is nie moeilik nie, en dit is nie ver nie. Dit is nie in die hemel nie, sodat jy moet sê: “Wie sal vir ons na die hemel opgaan, sodat hy dit vir ons kan gaan haal en ons dit hoor, dat ons dit kan uitvoer nie.” Dit is oor kant die see nie, sodat jy moet sê: “Wie sal vir ons oorgaan tot oor kant die see, sodat hy dit vir ons gaan haal en ons dit laat hoor dat ons dit kan uitvoer? Nee, die Woord is baie naby jou – in jou mond en in jou hart, sodat jy dit kán uitvoer. “

God se wet is altyd duidelik en prakties uitvoerbaar – selfs vir tweejarige kleuters. My eie kleindogter weet al presies wanneer sy reg of verkeerd optree, en begin al vinger wys vir haar ouers as sy iets verkeerds wil doen. God se wet is vir geen mens ooit só ver, onduidelik en onprakties dat een of ander geestelike wat 'n hemelse ervaring gehad het of een of ander sendeling wat oorsee gegaan het, dit daar self gaan kry het en nou vir ons met sy lewe moet kom duidelik maak nie.

Wie is Paulus se voorbeeld om reg te leef? Christus! Hoe? Deur dat Christus self ook sy hele lewe lank volgens God se wet geleef het. Wie is Christene se voorbeeld

om reg te leef? Ook Christus! En só word ons ook vir mekaar voorbeelde om soos Christus God se wet te gehoorsaam.

Dus stel Paulus dat Christus ook jou voorbeeld moet wees om reg te leef volgens die wet soos hy vir Paulus die voorbeeld is en dan moet ons vir mekaar só voorbeeld wees. Dit kan nooit beteken dat 'n geestelike met sy lewe God se moeilike, onverstaanbare, ver en vreemde wet met hulle lewe vir ons maklik, prakties, uitvoerbaar en duidelik moet maak nie. Nooit nie! Dit is 'n verwringing van hoe god se wet vir kleine en groot werk – in hul hart en mond! .

4. Om Christus na te volg en te volg is radikaal anders as voorbeeld volg.

Navolg is geloof in Christus. Volg is die nuwe gehoorsaamheid wat Christus vir ons skep. Voorbeeld volg is om volgens die wet van God reg op te tree. Christus alleen is ons leermeester en leraar. (Mat. 23: 8 – 11) Ons mag nooit mense navolg of volg nie. Mense is nooit ons geestelike gidse, leermeesters of onderwysers nie.

Ons kan dit toelig met 'n voorbeeld van middestadsverkeer. Dit gaan om in middestadsverkeer na 'n plek te ry waar jy nog nie was nie en die pad soontoe nie ken nie. Jy kan dan of met jou motor 'n gids met sy motor volg of met jou eie GPS na die plek toe ry.

Om só 'n gids in middestadsverkeer te volg in ongelooflik moeilik en spanningsvol. Gids volg beteken julle moet die hele tyd bymekaar wees, mekaar altyd in die oog hou en altyd op mekaar se hakke wees. Gids volg beteken jy kyk nie na die verkeer nie, jaag oor geel en rooi ligte, druk in en verwissel vinnig van bane. Jy dink nie aan die pad of onthou dit na die tyd nie.

Want net die gids ken die pad, jy moet die gids navolg en volg en as jy hom verloor het jy jou bestemming en pad verloor. Net die gids ken die pad en jy moet naby bly, in die oog hou en op die hakke volg.

Dit was en is nog steeds die Joodse navolging en volg van hulle Christus, hulle wettiese Messias. Paulus wys in Rom. 2 die Joodse leermeester, rabbi's is geestelike gidse wat jou roeping en bestemming by God ken, wat jy nie ken nie en jy moet hulle navolg en volg. Dit is ook vandag die nuwe vroomheid van dominees, pastore en geestelike leiers in die moderne Christelikheid. Hulle wil mense hul volgelingen en navolgers maak. Hulle maak asof hulle jou bestemming en roeping en pad na god ken en jy moet naby hulle leef, hulle geestelikheid in die oog hou en op hulle hakke volg.

Dit is presies net die teenoorgestelde wat Deut. 30 wys – ons het nie mense wat hemel toe of oor see moet gaan om ons gidse te word nie.

5. Net Jesus Christus alleen is ons leier en leermeester in en deur die evangelie. Deur die evangelie, nie die wet nie, lei Hy ons om Hom as Messias vir sy verlossing te vertrou en deur die evangelie sonder die wet, leer Hy ons om in 'n nuwe gehoorsaamheid aan die wet te leef – geloofsghehoorsaamheid.

Christus is ons GPS, nie ons geestelike gids nie en Hy gebruik oom nie geestelike gidse om ons na ons bestemming en op die pad na ons bestemming te lei nie.

Wat is 'n GPS?

Dit is 'n meganisme wat op satelliete in die hele ingestel is wat ons rigting op aarde gee! Hierdie GPS is in jy eie kar, by jou en gee jou self binne in jou kar rigting.

Jesus Christus is God se Woord wat ons deur die Bybel lei en leer om in sy liefde te wees en te leef. Die Bybel is ons GPS waardeur Christus ons Leier is om die evangelie te glo, Hom na te volg, en ons Leermeester is om ons in die gehoorsaamheid te lei waar ons sommer net na God luister, Hom gehoorsaam volg sonder straf of beloning.

Só lei en leer die Here ons elke dag na ons bestemming wat Hy ken en op ons eie pad wat hy vir ons baan. Navolg en volg is om te luister na Christus, in die Bybel. Om na die stem te luister wat met ons deur die GPS praat.

Gidse of GPS? Hoe word ons op ons lewenspad gelei en gerig? Net deur Christus deur sy Woord, sonder enige geestelike gidse of deur geestelike gidse sonder Christus?

Dit kan nooit al twee wees nie! Jy kan nie 'n ander kar volg en na 'n GPS luister nie! Of jy volg 'n ander motor of jy volg die GPS! Jy kan nooit na die Here Jesus en sy Woord navolg en volg, waardeur Hy jou na jou bestemming op die pad wat Hy vir jou uit baan vat, en agter geestelike gidse aangaan nie.

Geestelike gidse is besig om 'n ander Christus na te volg en te volg. Hulle glo dat Jesus is die padkaart van die lewe wat hulle persoonlik hulle eie gemaak en geleer ken het, en nou mense op die pad wat hulle ken kan vat. Christus is nie geestelikes se padkaart nie. Hy is elke gelowige se GPS in sy eie lewe wat hom self lei en leer! Sonder gidse!

6. Wat gebeur wanneer iemand 'n GPS navolg?

So 'n persoon konsentreer op die pad! Hulle konsentreer op padveiligheid, die verkeer, verkeerstekens en verkeersreëls. Hulle fokus op wetsonderhouding omdat hulle nie op 'n gids wat vooruit ry te fokus en te konsentreer nie.

Wanneer mense geestelike gidse in hulle lewe navolg, leef hulle nie meer gefokus op God se wet nie. Hulle is ingestel om die lewe van hulle gids na te volg en nie volgens die reël te bestuur nie.

Kom ons kyk weer na Paulus se sin: "Volg my voorbeeld soos ek die voorbeeld van Christus volg." (1 Kor. 11:1) Hierdie sin beteken dat ons volgens die reëls moet leef (bestuur) soos Christus volgens die reëls geleef (bestuur) het. Christus is die mens wat fokus op gehoorsaamheid aan die wet en daarin is Hy ons voorbeeld, vir elkeen afsonderlik op sy eie, en ons vir mekaar. Net soos ons elkeen 'n voorbeeld vir mekaar is dat ons fokus op die padreëls.

Hierdie sin kan nooit beteken dat Paulus ons gids is omdat Jesus sy gids is en nie ons sin nie, asof ons net vir Paulus sonder Christus het. Want dit beteken die geestelikes het die GPS en ry agter die GPS aan, maar ons kry nie die GPS nie, ons moet hulle as gidse volg sonder ons eie GPS. Dit is hoe dominees, pastore, bekeerde en godsvervulde mense ons gidse wil wees: hulle hoor God en ons moet hulle as mense volg!

Ons kan self Christus se voorbeeld volg, omdat ons Hom in en deur die evangelie, die GPS, navolg en volg. Omdat Hy ons in ons eie lewe op ons eie pad in sy liefde lei en leer, is ons vry om God se wet te gehoorsaam.

7. Wat gaan gebeur as jy só 'n geestelike mens volg?

Dit gaan nie werk nie. Want God se bestemming vir jou is nie hulle bestemming nie en God se pad waarop Hy jou na jou bestemming lei, is nie hulle pad nie. Elkeen se bestemming en pad is anders, elkeen sy eie met die Here.

Om die Here te volg beteken elkeen kry 'n GPS!

Nou wat moet predikante dan doen? Hulle moet nie voorry en jy agterna ry nie. Dit gaan nie werk nie. Al wat hulle moet doen is om vir jou te wys hoe werk die GPS! Hoe sit jy hom in, sit jy hom aan en dan gaan leef jy jou eie lewe soos die Here jouself deur sy Woord sal lei.

Daarom is predikante nie geestelike leiers, mentors en spirituele afrigters van wanneer moet jy wat, hoe en waar doen, net soos hulle nie! hulle is nie geestelike gidse, leermeesters en onderwysers soos Joodse rabbi's nie. Hulle wys jou net hoe werk die Woord van God want Jesus Christus is jou Leier en jou Leermeester.

Luister jy na die Here in die evangelie se leiding en lering in sy liefde, dan word jy iemand wat ontspanne en gemaklik ingesteld raak op die wet van God, net Jesus Jesus dit as mens gedoen het.

As jy egter 'n gids volg, is dit jou reg en is jy bemaagtig om teen en ongeag die wet te leef omdat jy net moet fokus om naby en op die hakke van jou lewensgids te moet bly, want verloor jy hulle is jy verlore

Kom ons word navolgers van die Here! Hy stap voor en sterf vir my sonde en sluit my daarby in omdat hy vandag as mens leef. Kom ons volg Hom! "Ek sal op 'n nuwe manier na sy wet luister, sommer net sonder vrees vir straf of afgagting vir beloning."

Ons volg die Here, ons GPS, en daarom kan ons op mekaar en op sy wet ag gee.